BRITS DEFENSIVE PISTOL CLUB

GOVERNING BODY : SOUTH AFRICAN NATIONAL DEFENSIVE PISTOL ASSOCIATION

(GOVERNING BODY ACCREDITATION : SAPS 1300029)

NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING WAT GEHOU WAS OP 21 JULIE 2017

---

1. OPENING & VERWELKOMING

Santie open die vergadering en die lede teenwoordig word verwelkom en bedank dat hulle die vergadering kon bywoon. Verskoning is ontvang van Philip, Juan en Vincent.

Daar is 'n kworum van 15% teenwoordig en die vergadering word as behoorlik gekonstitueer en geopen verklaar.

2. NOTULE VAN 2016 ALGEMENE JAARVERGADERING

Die notule is aan elke lid gesirkuleer en word as gelees beskou. Daar word aangevoer dat die meeste van die beplanning daarin wel in 2017 gerealiseer het soos hieronder beskryf sal word.

3. TERUGVOER – BERTUS REYNEKE BETREFFENDE "SAFETY & TRAINING"

'n "Safety Officer" (SO) –kursus was beplan, maar te min belangstelling het kansellasie daarvan genoodsaak. BDPC beskik tans oor 7 (SEWE) SO's.

4. TERUGVOER – SANTIE MEYER BETREFFENDE ADMINISTRASIE & FINANSIES

4.1 Klub bestaan uit 30 (DERTIG) lede waarvan 9 (NEGE) dames is (een 'n junior-dame onder 18jr).

4.2 Kleinkas - R400 "float"
Bankrekening - R5,172
Spaarrekening - R10,222
Die spaarrekening bevat al die baanfooie (R40 p/p per skietdag) wat aan die eienaar van die skietbaan (Jannie Kruger) oorbetaal moet word. Jannie het nog nie die gelde onttrek nie alhoewel hy daarop geregtig is.

4.3 Daar word deurlopend alternatiewe vir nuwe bane ondersoek, maar nog geen werkbare opsies is gevind nie. 'n Nuwe baan teen Silkaatsnek mag moontlik in 2018 beskikbaar word, asook die Rashoopskietbaan; die opsies sal verder ondersoek word en terugvoer sal aan lede verskaf word.

5. TERUGVOER – SANTIE MEYER BETREFFENDE LOGISTIEK

5.1 BDPC spreek sy dank uit vir verskeie stukke toerusting wat vanaf SADPA ontvang is.

5.2 BDPC het 'n "regulation box" aan PDPC geruil vir 'n "riser."

5.3 Michiel benodig fondse (± R1000) vir "flat bar" om verdere toerusting te bou.

5.4 BDPC het 'n "duelling tree" aangeskaf.

5.5 BDPC beskik nou oor 'n gesofistikeerde Double Alpha "timer".

6. TERUGVOER – MICHIEL MEYER BETREFFENDE "MATCHES & COMPETITIONS"

6.1 Die Mei-skietdag is weens reën gekanselleer.

6.2 Die "Night Shoots" word nie goed bygewoon nie (sien punt 11 hier onder).

6.3 Ongeveer gemiddeld 11 (ELF) persone woon skietdae (op Saterdae) by, en 15 (VYFTIEN) lede het die laaste "Classifier" bygewoon.

7. LIGA op 23 SEPTEMBER 2017

7.1 SADPA oefen druk op BDPC uit om 'n Liga aan te bied. 'n Liga word daarom in samewerking met MDC beplan en die "courses of fire" is reeds goedgekeur. BDPC sal nie baanhuur aan MDC betaal nie (en

dus geen verliese ervaar nie), maar enige wins wat BDPC op daardie dag maak, sal aan MDC oorbetaal word. Klublede het hulp aangebied om toerusting vir die dag te bou.

7.2 Daar is egter nog nie genoeg SO's vanuit BDPC se geledere by die Liga nie. Santie sal optree as Match Director en Michiel as Chief Safety Officer.

7.3 Dieselfde verversingsdiens wat die "catering" vir die Northern Nationals gedoen het, sal ook versoek word om dit vir die Liga te doen. Hulle sal teen einde-Julie bevestig of hulle beskikbaar is.

7.4 BDPC sal waterbottels met die klublogo op by die Liga verkoop. Daar word ook beplan om 'n banier met die klublogo te bekom, wat dan by soortgelyke geleenthede gebruik sal kan word.

7.5 Die klub het 'n keuse of hulle standaard SADPA-medaljes wil gebruik, of spesiale Liga-medaljes wil laat druk. Die vergadering aanvaar die voorstel dat spesiale Liga-medaljes gedruk moet word.

8. KLUBVOORUITGANG

Sien bespreking onder punt 7 hierbo. BDPC het ook verskeie uiters suksesvolle deelnames aan die Africa Champs gehad.

9. NIE GENOEG SO's NIE

Daar word aangevoer dat die klub nie genoeg SO's het nie. Lede word versoek om kursusse hiervoor by te woon.

10. BESTAANDE SO's NIE OP STANDAARD NIE

In lig van die nuwe Reëlboek, word daar weer 'n kursus beplan waar bestaande SO's opgehef sal word na DMGvlak.

11. "NIGHT SHOOTS"

Bywoning van skietaande is veral in die wintermaande nie goed nie. Jeanene voer aan dat skietaande 'n groot trekpleister vir heelparty lede is (veral diegene wat op Saterdae werk en nie gewone skietdae kan bywoon nie), en stel voor dat dit nie summier gekanselleer moet word nie. Oom Chris voer ook aan dat blootstelling aan "low light shooting" belangrik is. Jeanene stel voor dat skietaande na omtrent 5 of 6 verminder moet word, en dan ook tot somermaande beperk moet word. Michiel stem saam en noem dat die infrastruktuur van baanligte reeds op Jannie se baan aangebring is. Hy stel voor dat daar in Januarie, Februarie, Maart, April, Oktober en November dan 6 skietaande gehou sal word. Die vergadering aanvaar die voorstel.

12. "CLASSIFIERS" – GROEPE OF INDIVIDUEEL

Jeanene voer aan dat groep-"classifiers" op Saterdagoggende weereens diegene uitsluit wat op Saterdae werk en vra die vergadering of een "classifier" per jaar nie dalk op 'n Saterdagmiddag gehou kan word nie. Michiel bied aan dat een oggend-groepsessie en een middag-groepsessie per "classifier" aangebied sal word met twee stelle SO's vir die dag. Michiel noem ook dat ekstra "classifiers" moontlik ná DMG-skietdae aangebied kan word indien die bywoning vir die DMG swak was en die skietdag vroeg eindig.

13. HEMDE

Klubhemde is nou beskikbaar in rooi en blou en moet voor einde-Julie bestel word indien dit vir die Liga beskikbaar moet wees. Kostenavrae en bestellings kan by Santie gedoen word.

14. FACEBOEK-BLAD

Bertus bied aan om met die Facebook-blad behulpsaam te wees.

15. AFSLUITINGSFUNKSIE

In lig van die suksesvolle skietdag wat saam met NSN in Junie aangebied is, beplan BDPC 'n afsluitingsfunksie op Jannie se baan waartoe NSN uitgenooi sal word. NSN se SADPA-groep loop dood en bestaan nou slegs uit 6 (SES) lede; aangesien hulle reeds hul jaarfooie vir 2017 betaal het, mag hulle nou kosteloos by BDPC inskakel. Santie vra voorstelle vir hierdie jaareindfunksie en noem dat enige fondse wat daaruit voortspruit, tot BDPC se voordeel sal strek.

16. OPGRADERINGS AAN SKIETBAAN

Die klubhuis se houttrap is herstel, daar is 'n nuwe "safety area" gebou (hierdie area moet nou rooi geverf word en die verf is reeds aangeskaf, die arbeid moet net gedoen word), watertoevoere is weer herstel en die klub het ook 'n gazebo aangeskaf.

Die volgende moet nog gedoen word: Walle moet opgelig word en die buitebande moet uitgebou word (die baan word smaller met elke reënval), daar word egter arbeid hiervoor benodig. Daar is 'n moontlikheid dat 'n tweede baan deur Jannie aangelê kan word, maar groot grondverskuiwingswerk sal gedoen moet word. Oom

Chris noem dat hy 'n kennis het wat sulke werk stuk-stuk kan doen soos wat geld daarvoor beskikbaar is; hy sal Santie met hom in verbinding bring.

17. FRONTIER-BESTELLINGS

Daar is al verskeie bestellings vir Frontier-punte geplaas en pryslyste sal so twee keer per jaar aan lede gestuur word. BDPC kan hierdie punte teen kosprys plus 10% koop. Hierdie 10% sluit vervoerkoste in, en daar is reeds in die verlede na ander koerierkoste gekyk wat ongeveer R1,800 per 15kg sou beloop. Die 10% heffing is dus baie billik.

18. STEM VIR NUWE EXCO-LEDE

Daar is twee nominasies vir die pos van ADMINISTRATIEWE BEAMPTE ontvang. Jeanene sê dat sy weens werksomstandighede ongelukkig nie die nominasie kan aanvaar nie. Santie aanvaar haar nominasie.

Daar is een nominasie vir die pos van "SAFETY & TRAINING OFFICER" ontvang. Bertus aanvaar sy nominasie.

Daar is 'n nominasie van Phillip Pretorius as LOGISTIEKE BEAMPTE ontvang, en hy aanvaar die nominasie. Lourens van der Sandt en Cornè Henrico word gekoöpteer om logistieke hulp te verleen.

19. AFSLUITING & BRAAI

Die verrigtinge word om 19h09 deur Santie afgesluit en Bertus en Karen word bedank vir die beskikbaarstelling van hul woning.

.....

VOORSITTER